Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: KS 51/02

Datum verhoor: 2004-10-25
Datum gelewer: 2004-10-29

In die appél van:

**KAGISO CECIL ASSEGAAI** **APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

Coram: MAJIEDT R *et* LACOCK R *et* OLIVIER R

# UITSPRAAK

**MAJIEDT R:**

1. Die appellant is skuldig bevind in die Kalahari Rondgaande Plaaslike Afdeling van hierdie Hof te Kathu op vier aanklagte te wete :

a) Aanklag 1: huisbraak met die opset om te steel en diefstal,

b) Aanklag 2: poging tot moord,

c) Aanklag 3: onwettige besit van 'n vuurwapen, en

d) Aanklag 4: onwettige besit van ammunisie.

Die appellant is gevonnis op die voormelde aanklagte as volg:

a) Aanklag 1: 2 jaar en ses maande gevangenisstraf,

b) Aanklag 2: 10 jaar gevangenisstraf,

c) Aanklag 3: 2 jaar gevangenisstraf,

d) Aanklag 4: 6 maande gevangenisstraf.

Die voorsittende regter het gelas dat die vonnisse op aanklagte

3 en 4 samelopend uitgedien moet word. Die appellant kom nou in hoër beroep teen sy skuldigbevindings soos voormeld.

2. Op aanklag 1 het die Staat beweer dat die appellant op 27 April 2001 die woonhuis van ene Landile Mgqola oopgebreek en binnegegaan het met die opset om te steel en toe ‘n vuurwapen, ‘n 9 mm Tanfoglio-pistool met reeksnommer ZQ5983 en sekere klere van die klaer gesteel het. Ten einde dié ten laste gelegde misdryf te bewys het die Staat die getuienis gelei van ‘n vingerafdruk deskundige, te wete inspekteur Shaun Jacobs van die SAPD te Kuruman. Hy het getuig dat hy ‘n dag na die beweerde inbraak ‘n vingerafdruk aangetref het op ‘n vensterruit wat ongeveer 1.85 m bo die vloeroppervlak is, aan die binnekant van die woning van die klaer . Inspekteur Fortuin, ook ‘n vingerafdrukdeskundige van die SAPD, Kuruman, het getuig dat hy die voormelde

vingerafdruk wat inspekteur Jacobs gelig het, vergelyk het met 'n stel vingerafdrukke van die appellant. Hy het sewe punte van ooreenstemming gevind tussen dié afdruk en die linker ringvinger van die appellant. Hy was gevolglik bo redelike twyfel tevrede dat die vingerafdruk dié van die appellant is. Dit was gemene saak tydens die verhoor dat op grond van die getuienis van inspekteur Jacobs en dié van inspekteur Fortuin soos voormeld, daar *prima facie*-bewys is dat die appellant op een op ander stadium voor 28 April 2001 (d.w.s. toe die afdruk gelig is) toegang tot die klaer se perseel verkry het. Die getuienis van inspekteur Jacobs was verder dat die vensterruit langs dié waar hy die vingerafdruk van gelig het, gebreek was. Dit is algemeen aanvaar dat die inbreker toegang tot die klaer se huis verkry het deur dié betrokke venster.

3. Ter weerlegging van hierdie *prima facie*-bewys, het die appellant self getuig dat hy by twee of drie geleenthede wel by die klaer se huis aangedoen het en dat sy vingerafdruk op 'n onskuldige wyse op die vensterruit kon beland het. Hy het ter stawing die getuienis van sy niggie, Elda Boorman wat destyds met die klaer 'n verhouding gehad het, aangebied. Volgens haar getuienis was die appellant by drie geleenthede by die klaer se woning. Dit is egter baie duidelik uit haar getuienis dat die appellant op geeneen van dié drie besoeke aan enige van die vensterruite daar geraak het nie.

4. Vingerafdrukke as bewysmateriaal teen 'n beskuldigde persoon verskaf nie slegs *prima facie*-getuienis nie, maar kan heel dikwels ook beslissend wees; Sien:

**S v Van Wyk** 1982(2) SA 148 (NK);

**S v Legote en 'n ander** 2001(2) SASV 179 (HHA) te 182 c-d;

**S v Nzimande** 2003(1) SASV 280 (O) te 283 c-f.

Ten einde te bepaal of sodanige getuienis beslissend is ten aansien van die bewys van die skuld van 'n beskuldigde bo redelike twyfel, word na veral 2 aspekte gekyk, te wete

(a) die ligging van en die omstandighede waarin die vingerafdruk aangetref is, en

(b) die beskuldigde persoon se verduideliking vir die vingerafdruk se teenwoordigheid.

In die onderhawige geval is dit insiggewend dat die vingerafdruk op 'n vensterruit wat 1.85 m bo die

vloeroppervlak sit, aangetref is. Na my mening is dit onteenseglik duidelik dat daar geen manier is hoe die appellant se vingerafdruk op 'n onskuldige wyse daar kon beland het nie. Na my mening is die appellant se verduideliking heeltemal tereg deur die verhoorregter verwerp as vals bo redelike twyfel. Nie net is die appellant se verduideliking heeltemal teenstrydig met dié van sy getuie Elda Boorman se getuienis nie, maar ontbreek dit aan enige oortuigingskrag, gegewe die ligging van die vingerafdruk.

5. In die omstandighede meen ek dat die Staat bo redelike twyfel bewys het dat die vingerafdruk van die appellant by die vensterruit aangebring is toe die appellant by die klaer, Mnr. Mgqola, se woonhuis ingebreek het op 27 April 2001 en is die verhoorregter se bevinding in dié verband

heeltemal korrek.

6. Mnr. Fourie wat namens die appellant verskyn het, het uiteindelik tydens mondelinge betoog geredelik toegegee dat hierdie bevinding beswaarlik aanvegbaar is. Soos ek mettertyd hierin sal aantoon het die betrokke bevinding, naamlik dat die appellant die persoon is wat by die klaer se woonhuis ingebreek het en ondermeer die vuurwapen waarvan ek reeds melding gemaak het gesteel het, verreikende implikasies in hierdie appél aangesien dit uiteindelik tot gevolg het dat die appellant se appél teen sy skuldigbevinding op die ander aanklagte heeltemal ontdaan is van enige meriete.

7.1 Op aanklag 2 het die Staat beweer dat die appellant op 3 Mei 2001 te Erika Kafee te Olifantshoek gepoog het om

ene Mnr. CAJ van der Linde (die klaer op aanklag 2) te vermoor deur hom met 'n vuurwapen te skiet. Op hierdie aanklag het die klaer self getuig dat hy op die betrokke datum en plek genader is deur 'n voornemende kliënt wat lekkers wou koop en toe die klaer buk om die lekkers uit te haal het hy 'n ontploffing gehoor en later ontdek dat hy deur sy kakebeen geskiet is. Hy kon sy aanvaller nie identifiseer nie, maar het hom beskryf as 'n swart man wat 'n blou oorpakbaadjie aangehad het. Volgens die klaer het hy agter dié persoon aangehardloop maar het dié verdwyn in die straat.

7.2 Inspekteur Jacobs, na wie ek alreeds hierin verwys het, het na die skietvoorval die toneel deursoek vir bewysstukke en het afgekom op 'n afgevuurde projektiel binne-in 'n insekdoder blikkie. Hy het ook foto's van die toneel geneem by die klaer se kafee.

7.3 Superintendent LW Visser, 'n ballistiese deskundige van die SAPD se forensiese laboratorium in Pretoria, het getuig dat hy ná toetse op 'n 9mm-parabellum kaliber Tanfoglio pistool met reeksnommer ZQ5983 en die afgevuurde projektiel tot die slotsom gekom het dat die betrokke projektiel afgevuur is deur die vuurwapen. Dit is gemene saak dat die vuurwapen waarna ek so pas verwys het en wat ingehandig is as bewysstuk 1 voor die verhoorhof, dieselfde vuurwapen is wat op 27 April 2001 uit die klaer in aanklag 1 se woonhuis gesteel is na die inbraak deur die appellant.

7.4 Verdere getuienis op hierdie aanklag is dié van 'n petroljoggie wat aan diens was by 'n vulstasie verder af in die straat waarin Erika Kafee geleë is in Olifantshoek, te wete Mnr. Ezekiël Monabe. Volgens Mnr. Monabe het hy twee persone sien stap gedurende die aand van die voorval op 'n tydstip net na die geraamde tyd wat die klaer voorgehou het as die skietvoorval. Die twee persone het op 'n stadium binne 25 treë voor Mnr. Monabe verby beweeg en hy het een van hulle herken as die appellant. Hy ken die appellant goed omdat hulle saam skoolgegaan het. Volgens hom het die appellant 'n blou oorpak aangehad.

7.5 Die Staat het ook die getuienis gelei van reservis konstabel Appollis wat getuig het dat hy gedurende die aand

van die voorval op 'n stadium in 'n polisievoertuig was met sersant Witbooi (wat die bestuurder van die voertuig was). Hulle was op pad uit vanaf Olifantshoek op die nasionale pad in die rigting van Kathu toe hy ongeveer 5 km buite die dorp 'n ryloper opgemerk het wat vir hom voorgekom het soos die appellant. Nadat hy sersant Witbooi op die man se teenwoordigheid attent gemaak het en dié die voertuig teruggedraai het in 'n u-draai, het die persoon egter laat spaander en 'n sak klere agtergelaat. Die sak is later as gevonde eiendom ingehandig by die SAP 13.

7.6 Sersant Witbooi het die getuienis van Appollis in breë trekke bevestig.

8. Die appellant het in sy getuienis as verweer voorgehou op aanklag 2 dat hy nooit op die datum en tyd vermeld in die akte van beskuldiging by die klaer se kafee was nie en het hy ook ontken dat hy die klaer met 'n vuurwapen geskiet het en sodoende gepoog het om hom te vermoor.

9. Indien die getuienis as 'n geheel beskou word, is die

afleiding onafwendbaar dat dit inderdaad die appellant is wat die klaer op die betrokke datum en plek geskiet het. Hierdie skietvoorval het plaasgevind net meer as ‘n week na die inbraak by die klaer op aanklag 1 se woonhuis waar sy vuurwapen gesteel is. Die gevonde vuurwapen se afgevuurde projektiel is aangetref op die perseel waar die klaer op aanklag 2 geskiet is, en word die appellant verder positief geÔdentifiseer deur Mnr. Monabe as een van die persone wat kort na die skietvoorval by sy werkplek verby gestap het. Na my mening is hierdie omstandigheidsgetuienis en Mnr. Monabe se uitkenning van die appellant absoluut verdoemend teen die appellant en was hy tereg skuldig bevind op aanklag 2 deur die verhoorregter.

10. Wat aanklagte 3 en 4 aanbetref, hou dit verband met die

besit van bewysstuk 1 voor die Hof, die vuurwapen wat die appellant uit die klaer Mnr. Mqgola se huis gesteel het, sowel as ammunisie wat die appellant onwettig in sy besit gehad het. Behalwe die voormelde getuienis wat die appellant inkrimineer ten aansien van die besit van die vuurwapen is die getuienis deur die Staat gelei van die volgende getuies:

a) Tebogo Eshane - ‘n Lid van die SAPD wat getuig het dat hy gedurende April 2001 die appellant ontmoet het en hulle vriende geword het waarna die appellant hom meegedeel het dat hy as soldaat in die weermag ‘n vuurwapen besit, maar dat hy sy magasyn verloor het. Hy het toe die getuie gevra om sy leë magasyn vir hom te leen en het die getuie daartoe toegestem. Volgens Mnr. Eshane het sy

meisievriend, ene Dipuo Pule, die appellant vergesel na sy huis om aan die appellant ‘n leë magasyn te oorhandig.

b) Me Dipuo Pule - Die meisievriend van die vorige getuie wat bevestig het dat sy op haar vriend se versoek ‘n magasyn aan die appellant oorhandig het. Sy het, teenstrydig met Eshane se opdrag soos voormeld, ‘n magasyn bevattende 4 patrone aan die appellant oorhandig omrede laasgenoemde beweer het dat hy met Eshane ooreengekom het dat hy die patrone ook kan leen.

c) Mapaseka Kok – Sy het getuienis gelewer dat sy gedurende Mei 2001 die appellant teëgekom het by ‘n snoepwinkel te Seodin waar hy haar versoek het om ‘n vuurwapen vir hom te berg. Sy het geweier. Later het sy weer die appellant met ene Thabo sien verbyloop in die rigting van die veld. Die daaropvolgende Dinsdag het die polisie haar genader by haar werkplek, ‘n skool, en haar uitgevra oor die appellant en die feit dat hy ‘n vuurwapen by haar gelos het. Sy het ontken dat sy ‘n vuurwapen in haar besit het maar het aan die polisie aangedui dat ene Thabo saam met die appellant

was en het sy dan ook Thabo se huis vir die polisie gaan uitwys. Daarna het Thabo die polisie vergesel na die veld waar hy 'n toneel uitgewys het. Sy self was nie teenwoordig met die uitwysing nie aangesien sy in die voertuig bly sit het, maar het opgemerk dat die polisie met 'n plastieksak teruggekeer het uit die veld saam met Thabo. Sy het uit hul gesprekke verneem dat daar 'n vuurwapen binne-in die plastieksak is.

d) Thabo Setgalemo - dié getuie is ook te Seodin woonagtig en het bevestig dat die appellant en hy op 'n stadium vriende geword het. Hy het getuig dat hy op 'n Sondag na 20 Mei 2001 met die appellant ontmoet het en die appellant in die veld waar 'n klomp motorwrakke was 'n vuurwapen versteek het. Die vuurwapen was binne-in 'n plastieksak. Die polisie het hom daarna genader in die teenwoordigheid van Mapaseka Kok, die vorige getuie, en het hy aan die polisie die vuurwapen uitgewys. Die getuie het aangedui dat die vuurwapen wat hy dié dag in die appellant se besit gesien het en wat hy aan die polisie uitgewys het, soortgelyk is aan dié een voor die Hof (bewysstuk 1.)

e) Inspekteur Mecwi – Hierdie getuie is verbonde aan die SAPD te Mothibistad. Hy het Kok en Setgamelo se getuienis bevestig dat laasgenoemde die ligging van 'n vuurwapen aan hom en ander polisiebeamptes uitgewys het. Volgens

inspekteur Mecwi was die vuurwapen saam met vier patrone, 'n magasyn asook 'n holster binne-in 'n plastieksak. Hy het die vuurwapen uitgeken as bewysstuk 1 voor die Hof. Die magasyn wat bewysstuk 2 voor die Hof is, het hy ook uitgeken, asook die holster, bewysstuk 3 voor die verhoorhof. Hy het dié vuurwapen oorhandig aan kaptein Malati. Op 20 Mei 2001 is die appellant gearresteer en is daar 'n inskrywing in dier voege gemaak in die voorvalleboek. Later is hy teruggeroep na die aanklagkantoor en is meegedeel deur ene inspekteur Moseki dat die appellant ontsnap het vanuit die selle. Die appellant is egter later daardie selfde dag (20 Mei 2001) weer gearresteer.

f) Inspekteur Moseki – Hy is ook verbonde aan die SAPD te Mothibistad. Hy was op 20 Mei 2001 aan diens as aflosbevelvoerder. Hy het bevestig dat die appellant in aanhouding geplaas is, maar het beweer dat hy nie in die polisieselle geplaas is nie. Terwyl hy besig was met die appellant het dié versoek om 'n telefoonoproep te maak en het hy daartoe ingestem. Terwyl die appellant egter besig was op die telefoon het daar 'n oproep ingekom op 'n ander telefoon wat die getuie gaan beantwoord het en met sy terugkeer het dit geblyk dat die appellant ontsnap het. Hy het aan sy bevelvoerder gerapporteer aangaande hierdie ontsnapping. Die getuie het erken dat hy nie die ontsnapping en

herarrestasie van die appellant in die voorvalleboek of die saakregister aangeteken het nie, omdat hy bevrees was dat hy dissiplinÍr aangekla sou word vir sy nalate in dié verband.

g) Inspekteur K. Itumeleng – Hy is verbonde aan die SAPD te Mothibistad. Hy en ene inspekteur Segano is per polisieradio in kennis gestel deur inspekteur Moseki op 20 Mei 2001 dat 'n verdagte ontsnap het. Hy het die appellant tussen 4 en 5 namiddag op daardie selfde dag gearresteer en hom teruggeneem na die polisiestasie.

h) Mev. Baikayi – Hierdie getuie woon te Seodin. Sy ken die beskuldigde. Sy bevestig dat hy by haar huis gearresteer is op 20 Mei 2001, 'n Sondagoggend. Net voordat sy na die kerk toe sou gaan om 12 uur het die polisie daar opgedaag en aan haar rapporteer dat die appellant ontsnap het en hulle het haar huis deursoek. Die polisie het weer die appellant by haar huis gearresteer toe hy later op dieselfde dag daar opgedaag het.

11. Op die voormelde aanklagte het die appellant ontken dat hy ooit in besit was van die vuurwapen en ammunisie. Hy het as verweer verder voorgehou dat hy op 20 Mei 2001 nie deur die Staatsgetuies wat aldus getuig het gesien kon gewees het nie, aangesien hy in aanhouding verkeer

het. Ook hierdie verweer is eweneens tereg deur die geleerde verhoorregter as vals bo redelike twyfel verwerp, aangesien dit duidelik blyk uit die getuienis dat die appellant vir 'n tydperk op vrye voet verkeer het op 20 Mei 2001 nadat hy uit aanhouding ontsnap het by die polisiestasie. Dit is verder baie duidelik uit die getuienis op die oorkonde dat verskeie polisiebeamptes van die SAPD te Mothibistad saamgespan het om die appellant se ontsnapping en herarrestasie te verbloem, ten einde hulleself te beskerm. Dit is die rede waarom daar geen inskrywings in die voorvalleboek of sakeregister aangaande hierdie twee gebeure gemaak is nie.

12. Die prokureur wat namens die appellant verskyn het by die verhoor het aansienlike gewag gemaak van hierdie voormelde afwesigheid van inskrywings deur aan te voer

dat die appellant inderdaad nooit ontsnap het op dié betrokke dag nie soos wat die appellant self ook getuig het. Ek meen dat hierdie aspek wel deeglik verduidelik kan word aan die hand van die polisie se toesmeerdery waarna ek alreeds verwys het.

13. Wanneer die getuienis as 'n geheel beskou word het die Staat bo redelike twyfel bewys:

a) Dat die appellant op 27 April 2001 by die klaer op aanklag 1, Mnr. Mgqola ingebreek het en onder andere 'n vuurwapen, bewysstuk 1 voor die verhoorhof, gesteel het.

b) Dat die appellant op 3 Mei 2001 met die vuurwapen, bewysstuk 1, die klaer in aanklag 2, Mnr. Van der Linde, probeer vermoor het deur hom deur die kakebeen te skiet.

c) Dat die appellant gedurende die tersaaklike tye in

onwettige besit was van die vuurwapen, bewysstuk 1, en die ammunisie, bewysstuk 2 voor die verhoorhof.

14. Die bewyswaarde van omstandigheidsgetuienis is welbekend. In die leidende beslissing van **R v Blom** 1939 AD 288 te 202-203, het Watermeyer AR na die twee kardinale reëls van logika verwys wat so welbekend is dat dit nie hierin herhaling behoef nie. In die onderhawige geval meen ek dat dit vasstaan dat die afleiding wat die verhoorhof gemaak het dat die appellant die vuurwapen (bewysstuk 1) gesteel het na 'n inbraak, toe Mnr. Van der Linde daarmee geskiet het, en aldus in onwettige besit was van die vuurwapen sowel as die ammunisie, heeltemal konsekwent is met die bewese feite. Dit staan na my mening ook vas dat die bewese feite alle ander redelike afleidings, behalwe die een soos voormeld, uitsluit.

15. Gevolglik is ek die mening toegedaan dat die Staat die appellant se skuld op al vier aanklagte bo redelike twyfel bewys het en dat die verhoorregter heeltemal korrek was in haar bevinding tot dien effekte.

16. **Die appellant se appél teen sy skuldigbevindings word afgewys. Die appellant se skuldigbevindings en vonnisse word bekragtig.**

______________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

**Ek stem saam:**

________________

**HJ LACOCK**

**REGTER**

**Ek stem saam:**

________________

**CJ OLIVIER**

**REGTER**

NAMENS APPELLANT : Advokaat T. Fourie

NAMENS RESPONDENT : Advokaat CF Nekosie

DATUM VAN VERHOOR : 2004-10-25

DATUM VAN UITSPRAAK : 2004-10-29